higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGPROSES
NKR VLAK 4

(8021014)

20 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

296Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STRAFREGPROSES
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord alle vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter EEN is die verkeerde antwoord? Die hofverrigtinge word opgeteken in die amptelike taal wat op daardie tydstip gebruik word en dit bevat:

A Getuienis ('Evidence')
B Argumente
C Doelwitte
D Die uitspraak en vonnis

1.2 Watter EEN is die mees korrekte antwoord? Die afsonderlike ervarings van gevangenes tydens opname sluit in:

A Skok van opname en verlies van stabiliteit
B Verlies van interne kommunikasie en verlies van stabiliteit
C Verlies van onstabiliteit en eksterne kommunikasie
D Verlies van abnormale menslike aktiwiteite en skok van opname

1.3 Watter EEN is die mees korrekte antwoord? Gevangenes word op die volgende maniere vrygelaat:

A Onvoorwaardelike kwytskelding
B By voltooiing van die tronkstraf
C Waar korrektiewe toesig nie nodig of verpligtend is nie, bv huisarres
D Proeftydperk of dagparool

1.4 Watter EEN is die mees korrekte antwoord? Oortreders wat vir dagparool oorweeg kan word, is diegene wat ...

A praktiese hervestigingsprobleme ervaar.
B geïnstitusionaliseer is of diegene met aanpassings- of sosialiseringsprobleme.
C 'n onseker diagnose het en 'n medium veiligheidsrisiko inhou.
D 'n onseker diagnose het en 'n hoë veiligheidsrisiko inhou.

1.5 Watter EEN is verkeerd? Ingevolge artikel 6 van die Europese Konvensie oor Menseregte ...

A is elkeen geregtig op 'n billike private verhoor.
B word 'n persoon beskou as onskuldig totdat hy/sy skuldig bewys word.
C is 'n persoon nie daarop geregtig om oor die aanklag teen hom/haar ingelig te word nie.
D moet 'n persoon die amptelike taal van die betrokke land praat.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die vervolgingsproses sluit beginsels vir gegronde regspleging in.

2.2 Elke gevangene moet die geleentheid kry om in die buitelug te oefen om gesond te bly en is geregtig op daaglikse oefening van ’n maksimum van een uur.

2.3 Ingevolge artikel 6 van die Europese Konvensie oor Menseregte moet ’n persoon ’n amptelike taal van die betrokke land praat.

2.4 Wanneer hulle met ’n klaer by die polisiekantoor te make het, moet die SAPD-lede die beginsels van Batho Pele in gedagte hou.

2.5 Die beseerde partye of die slagoffer kan persoonlik ’n aanklag indien.

[5]

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (3.1.–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	’n Hofbevel wat die oortreder beveel om die een of ander vorm van diens tot voordeel van die gemeenskap te lewer	A	viktimisering
3.2	Doel van herstellende geregtigheid	B	slotbetoog
3.3	Empatiese, persoongesentreerde bystand deur ’n organisasie of individu nadat iemand geviktimiseer is	C	misdaadsyfers
3.4	’n Persoon wat skade ly, insluitend ’n fisieke of verstandelike besering of emosionele lyding, weens misdadige handelinge	D	om teenwoordig te wees wanneer jy verhoor word
3.5	Die verweerder staan nie in die beskuldigdebank nie, maar voor die voorsittende beampte	E	herstellende geregtigheid
3.6	Onbillike behandeling van of diskriminasie teen misdaadslagoffers	F	hou oortreders persoonlik aanspreeklik vir hul gedrag
3.7	Die vergelyking van die aantal misdade wat oor ’n tydperk in ’n spesifieke gebied aangemeld word	G	slagoffer
3.8	’n Waardegeoriënteerde benadering tot die verandering van ons regstelsel	H	sekondêre viktimisering
3.9	Voordat ’n bekentenis in die hof toegelaat word, moet daar voldoende bewys wees	I	ontvangs van liggaam
3.10	Reg van ’n beskuldigde persoon	J	slagoffer-ondersteuning
		K	gemeenskapsgebaseerde vonnis
		L	getuienis (‘evidence’)
		M	geen dwang is gebruik of beloftes aan verdagte gemaak nie

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

besonderhede van naasbestaandes; eksterne hulp by vonnisoplegging; nadat; verdediging; gevangenes; diskresie; tot nadeel van die prokureur; interne hulp by vonnisoplegging; verslag ná vonnisoplegging; korrektiewe beampte; beskuldigde; voor; tot nadeel van die beskuldigde; retribusie; huidige eksterne programme; objektief; misdaadgeskiedenis; subjektief; oogmerk; vervolging; voorvonnisverslag

Hoewel dit korrek sou wees om die inhoud van die voorvonnisverslag onder eed deur die (4.1) ... te laat bevestig, word hierdie prosedure selde gevolg. Waar die inhoud van die verslag (4.2) ... is, moet hy of sy die geleentheid gegun word om hom- of haarself te verdedig. In hierdie geval moet die korrektiewe beampte op sy beurt getuienis in die hof lewer.

Die belangrikste funksie van die (4.3) ... is om as 'n onontbeerlike vonnisoplegging-instrument vir die hof te dien. Die voorvonnisverslag is die enigste (4.4) ... wat prakties, (4.5) ..., geredelik beskikbaar is en gereeld deur die howe gebruik word om sake af te handel.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 5

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

'n 29-jarige verdagte, wat tot 'n bende behoort, is in hegtenis geneem nadat twee pistole met 20 patrone onregmatig in sy besit gevind is. Sy vriend het hom gevra om dit veilig onder sy bed te bêre. Die polisie het die hof versoek om die verdagte in korrektiewediens-fasiliteite aan te hou weens die sensitiewe aard van die saak.





5.1 Onderskei tussen *primêre getuienis* en *sekondêre getuienis*. (2)

5.2 Opname in ’n gevangenis is die resultaat van ’n statutêre sanksie, in die besonder die Wet op Korrektiewe Dienste, Wet 111 van 1998 (WKD). Aangehoudenes, hetsy hulle skuldig bevind is of nie, word deur middel van ’n proses van identifisering en klassifisering by ’n gevangenis opgeneem.

Bespreek die toelating deur voorlegging van ’n lasbrief wanneer ’n aangehoudene in ’n gevangenis opgeneem word. (6)

5.3 Gemeenskapskorreksies word deur bepaalde beginsels gerig.

Beskryf die beginsels van *gemeenskapgebaseerde vonnisse* in jou eie woorde. (3)
[11]

VRAAG 6

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

’n Mens lees dikwels in die koerant dat slagoffers aan sekondêre viktimisering blootgestel word of dat die polisie nie hul werk verrig soos van hulle verwag word nie. Sommige beamptes in die strafregspleging glo nie dat herstellende geregtigheid in die Suid-Afrikaanse konteks effektief kan wees nie.

6.1 Verduidelik in jou eie woorde wat met die *voorlegging van misdaad-(verslagdoenings-) getuienis aan die Direktoraat: Openbare Vervolgings* bedoel word. (4)

6.2 Bespreek indiensneming (ingevolge artikel 61 en 62 van die Wet op Korrektiewe Dienste) as deel van die gemeenskapskorreksie-opsies. (5)

6.3 Die waardes van herstellende geregtigheid is gegrond op ’n gebalanseerde siening van die slagoffer, oortreder, en gemeenskap.

Verduidelik die waardes van elke deelnemer aan hierdie proses. (3)

6.4 Die aanvanklike doel van herstellende geregtigheid is om die harmonie tussen slagoffers en oortreders te herstel.

Verduidelik wat *herstellende geregtigheid* behels. (3)

6.5 Verduidelik in jou eie woorde wat met *sekondêre viktimisering* bedoel word. (4)
[19]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

VRAAG 7

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

’n Lesing word aangebied oor die persoon se reg op privaatheid, die polisie se gesag in die hantering van verdagtes, wat om te doen wanneer ’n misdaad aangemeld word en die rol van Korrektiewe Dienste.

7.1 Die veilige aanhouding van gevangenes is uiters belangrik.

Verduidelik *akkommodasie*, wat ’n integrale deel van die aanhoudingsproses uitmaak. (5)

7.2 Die doel van die korrektiewe stelsel is om die vonnisse van die howe toe te pas. Vonnisse van gevangenisstraf bly geldig totdat hulle verstryk het.

Verduidelik die prosesse van parool en vrylating met spesifieke verwysing na *voorgeskrewe vonnisse.* (5)

7.3 In die saak *Gosschalk v Rossouw* 1966 (2) SA 476 het die hof erken dat ’n polisieondervraging ’n persoon se reg op privaatheid kan skend. Volgens die Grondwet is dit ’n ernstige aantasting van menswaardigheid om inbreuk op ’n persoon se private lewe te maak ─ boonop voor die oë en ore van die publiek ─ en selfs individue wat geen reg op sodanige inligting het nie, te ontbloot.

Bespreek die bevoegdhede van ’n polisiebeampte rakende die ondervraging van ’n persoon tydens die ondersoekproses. (5)
[15]

VRAAG 8

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

K (27) het op 2 Januarie 2020 vermis geraak nadat sy haar kêrel (S) besoek het. Die vermiste persoon-saak is daarna deur die Provinsiale Opsporingspan ondersoek en is later in ontvoering verander. Nadat die liggaam gevind is, is ’n saak van moord geopen en deur sersant M van die Provinsiale Ondersoekeenheid ondersoek. By ondersoek is ontdek dat twee bykomende verdagtes S gehelp het om sy meisie te ontvoer. Die twee bykomende verdagtes wil ’n pleitooreenkoms aangaan omdat hulle staatsgetuies wil wees.

8.1 Evalueer of dit billik is dat die twee verdagtes in die scenario ’n pleitooreenkoms kan aangaan. (5)

8.2 Daar is sekere fases in die strafregproses.

Noem die handelinge wat in die voorverhoorfase plaasvind. (5)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

Beantwoord SLEGS VRAAG 9 of VRAAG 10.

VRAAG 9

Lees die feite hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Assessering van die verdedigingsproses beteken dat die hof na die ander party se verduideliking van wat op die dag van die beweerde oortreding gebeur het, moet luister. Indien die verdediging onsuksesvol was om die ontslag van die beskuldigde te bewerkstellig, sal die verdediging die saak begin aanvoer.

9.1 Bespreek *regsverteenwoordiging* as deel van die assessering van die verdedigingsproses. (15)

9.2 Evalueer of die ondervraging van getuies deur die hof regverdig en billik is. (5)
[20]

OF

VRAAG 10

Regstelsels ontstaan oral ter wêreld in gemeenskappe.

10.1 Verduidelik hoe die onderskeie regstelsels deel van die Suid-Afrikaanse regstelsel geword het, met spesifieke verwysing na *resepsie* en *transplantasie.* (15)

10.2 Evalueer of resepsie vrywillig deel van die Suid-Afrikaanse reg geword het. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou